Fantasmagoriese uitslae deur matrikulante van Wilgerivier

• Vic van Heerden

Die Graad 12's en personeel van 2017 het weereens die skool se naam in die Rekordboeke verewig met:

• 'n 100% slaagsyfer, waarvoor die skool 'n Goue Toekenning van die Departement ontvang het.

• Een van die Top 50 Akademiese skole in die Vrystaat.

• 65.11% kan 'n graadkursus voltooi (28 leerlinge) - Universiteitsvrystelling.

• 34.88% kan inskryf vir 'n diplomakursus (15 leerlinge).

• Uit 'n totaal van 43 leerlinge word 48 A-simbole, 58 B-simbole, 53 C-simbole en 84 D-simbole behaal.

Leerlinge wat skitterend presteer het:

• Esthie van Heerden - 7 onderskeidings:
Afrikaans (86%), Engels (89%), Wiskunde (91%), Lewensoriëntering (94%), Rekeningkunde (94%), Lewenswetenskap (94%) en Fisiese Wetenskap (94%).

Die kersie op die koek is dat Esthie 16de in die Vrystaat is en hiervoor is sy vereer by die "Well done"-funksie in Bloemfontein. Sy het 'n skootrekenaar, 'n tablet, asook kontant ontvang. Sy ontvang ook 'n volle studiebeurs by enige universiteit van haar keuse! Esthie is die derde leerling wat Hoërskool Wilgerivier in 16 jaar in dié verband oplewer! Esthie, jy is 'n ster; Hoërskool Wilgerivier is trots op jou!

• Armand van der Walt - 7 onderskeidings:
Engels (86%), Wiskunde (84%), Lewensoriëntering (95%), Fisiese Wetenskap (88%), Rekeningkunde (88%), Ingenieursgrafika & -ontwerp (87%) en Rekenaartoepassingstegnologie (80%).

• Human Giliomee - 5 onderskeidings:
Engels (88%), Lewensoriëntering (92%), Geografie (91%), Lewenswetenskap (90%) en Fisiese Wetenskap (87%).

• Bertus Nel - 5 onderskeidings:
Engels (81%), Lewensoriëntering (93%), Rekeningkunde (80%), Lewenswetenskap (85%) en Fisiese Wetenskap (81%).

• Daniël Jooste - 4 onderskeidings:
Engels (82%), Lewensoriëntering (87%), Lewenswetenskap (82%) en Fisiese Wetenskap (83%). Hy laat Wiskunde (78%) en Rekeningkunde (78%) hermerk.

Leerlinge met 2 onderskeidings:

• Rehta Els: LO (94%) en Toerisme (86%). Sy laat Lewenswetenskap (78%) hermerk.

• Marilette Pieterse: LO (90%) en Lewenswetenskap (80%).

• Nadia van Coller: LO (95%) en Toerisme (83%). Sy laat Engels (79%) hermerk.

Vakonderskeidings:

Lewensoriëntering:	21
Engels:	5
Fisiese Wetenskap:	5
Lewenswetenskap:	5
Rekeningkunde:	3
Toerisme:	3
Wiskunde:	2
Afrikaans:	1
Geografie:	1
Ingenieursgrafika & -ontwerp:	1
Rekenaartoepassingstegnologie:	1

Alle eer aan ons Hemelse Vader vir dié puik leerlinge en onderwysers van Hoërskool Wilgerivier, sonder wie bogenoemde nie sou gerealiseer het nie.

Al die personeel is dit eens dat dit baie sweet, trane, energie, toewyding en dryfkrag geverg het, maar die resultaat was vreugde en dankbaarheid.

Volgens meneer Hennie Pelster, Skoolhoof van Hoërskool Wilgerivier:

• Is sukses nie toevallig nie - dit verg baie harde werk, uithouvermoë, ure voor die boeke, opofferings en meeste van alles - 'n liefde vir wat jy doen.

• Sukses word net bereik deur diegene wat bereid is om daarvoor te werk - iemand met 'n doel in die lewe.

Volgens hom kan ál hierdie prestasies toegeskryf word aan die skool se gebalanseerdheid, personeel wat met geesdrif hulle taak verrig, ondersteunende ouers en kwaliteit kinders!

Sy eerste jaar, as skoolhoof van Hoërskool Wilgerivier, was 'n skitterjaar!

Mag al julle drome waar word. Julle was in 'n klas van julle eie. Julle sal altyd 'n baie belangrike deel van die geskiedenis van Hoërskool Wilgerivier wees! Mag julle toekoms rooskleurig wees en mag daar wonderlike mylpale langs julle lewenspad wees.



Human Giliomee

Daniël Jooste

Estie van Heerden

Bertus Nel

Armand van der Walt

Top-10 presteerders van Hoërskool Heilbron

Behalwe dat Hoërskool Heilbron mag spog oor hulle 100% slaagsyfer, mag hulle ook spog oor die Top-10 graad 12, NSS matriekuitslae. Die volgende leerders is die Top-10 kanidate:

Lutricia Herbst - 86,43% (6 onderskeidings)
Arno Els - 86% (5 onderskeidings)
Be-On du Plessis - 84,43% (6 onderskeidings)
Christiaan Beukes - 78,71% (4 onderskeidings)
Carli Schutte - 78,57% (4 onderskeidings)
Loandré Pretorius - 77,14% (3 onderskeidings)
Gerhard Claassen - 76,43% (3 onderskeidings)
Hannetjie Flemming - 75,57 & (3 onderskeidings)
Luhan Erasmus - 75,29% (3 onderskeidings)
Elzette Strydom - 74,71% (2 onderskeidings)

Lutricia Herbst

Arno Els

Be-On du Plessis

Christiaan Beukes

Gerhard Claassen

Hannetjie Flemming

Carli Schutte

Loandré Pretorius

Luhan Erasmus

Elzette Strydom